Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

April 2018

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

www.gksa.org.za

Paasfees in 'n genotsugtige wêreld

Die fees van Pase

Toe sê die engel vir die vroue: "Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het."

– Matteus 28:5-6

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Prof. J Smit
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag buite agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas. Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word. Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 120, NO. 3322 - April 2018

INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR
Kom ons skaf paaseiers en paashaas af

4 UIT DIE WOORD
Verwyder die ou suurdeeg, omdat die (ongesuurde) brood vir ons gebreek is

6 REDAKSIONEEL
Paasfees in 'n genotsugtige wêreld

8 BRANDPUNT
Grondonteiening sonder vergoeding?

FOKUS
10 Die laaste week in Jerusalem ... voorspel en oorsig
12 Die fees van Pase
14 Waarom verskil die datum van Paasfees elke jaar?
16 "My God, my God, waarom het U My verlaat?"

ANDER
18 Mense in die Bybel – Debora, God se profetes
20 Woorde in die Bybel (3) – Charein en chara
22 Carletonville gemeentekamp 10-11 Februarie 2018
24 Nuwe bedeling vir Andeon en Bergsig
25 Ons stel bekend: proponent Josef Hibbert

26 Bekendstelling van DVD: Uit Diep van Donker Nagte

27 Personalia / Wel en Wee
28 Op die Kerkwerf
30 Kleinadvertensies

Dr. WC (Callie) Opperman (emeritus)

Verwyder die ou suurdeeg

omdat die (ongesuurde) brood vir ons gebreek is

Lees: *1 Korintiërs 5; 1 Korintiërs 11*
Teks: *1 Korintiërs 5: 7 – "Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle ook werklik. Ons Paaslam is immers geslag: dit is Christus."*
1 Korintiërs 11:24 – "Dit is my liggaam; dit is vir júlle. Gebruik dit tot my gedagtenis."

Die skrikwekkende nag vir die Seun van God het aangebreek. Getsemane lê nog voor, ook sy gebed dat die beker van lyding Hom gespaar sou bly. Eers die Paasmaal eet in Jerusalem – 'n somber geleentheid met sy handjievol dissipels.

Die verraaier word aangewys – Judas Iskariot. Die dissipels hoor weer dat Jesus gekruisig sal word; sy liggaam sou verbreek word, soos die ongesuurde paasbrood; sy bloed sou vergiet word, soos dié van die paaslam.

Ongesuurde brood – Israel

Streng was die voorskrif vir Pasga:

"Sewe dae lank moet die brood wat julle eet, ongesuurde brood wees. Reeds op die eerste feesdag moet julle ontslae raak van suurdeeg in julle huise, want elkeen wat in die sewe dae gewone brood eet, moet van Israel afgesny word" (Eks. 12:15).

Ons vind die opdrag en viering vir Paasfees in die geskiedenis van Israel: met die woestyntog (Num. 9; Deut. 16); met die intog in die beloofde land (Jos. 5); die profete herinner die volk (Eseg. 45). In die tyd van die konings is dit onderhou en moes soms weer heringestel word (2 Kron. 8, 30 en 35). Ná die terugkeer uit die ballingskap word dit deur Esra in ere herstel (Esra 6).

Maar waarom ongesuurde brood? Dit herinner aan die verlossing deur God se sterke hand (Eks. 12:17). *"Dit is brood wat herinner aan jou swaarkry …"* (Deut. 16:3). Paulus verbind dit aan *"die suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde"* wat verwyder moes word. (Suurdeeg is 'n gis wat tydens sy werking suikers afbreek en só lug in die deeg afskei. Dit is in wese 'n afbrekingsproses met lug as neweprodukt.) Die suurdeeg se gisting het sonde en verval gesimboliseer. Die verwydering van suurdeeg uit hulle huise en die eet van ongesuurde brood het die volk tot selfondersoek, bekering en nuwe toewyding aan die Here opgeroep. Hulle is ook herinner aan die genade van God wat vergewe het.

Verwyder suurdeeg uit die gemeente – Korinte

In die gemeente van Korinte het seksuele sondes geheers wat nie eers onder die heidene gepleeg is nie (1 Kor. 5). Hulle word ernstig vermaan: *"Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle ook werklik"* (5:7). Net soos die Israeliete die ou suurdeeg uit hulle huise moes verwyder om op gepaste manier Paasfees te vier, so moes die sondige leefstyl uit Korinte se gemeente verwyder word.

Paasfees was vir Israel 'n feestyd: die fees van verlossing, die fees van versoening, die fees van bevryding uit slawerny. Maar die feestelikheid is gedemp wanneer daar ou suurdeeg in die huise agtergebly het. Vir die Korintiërs was daar ook 'n fees berei: die fees van verlossing deur Christus. Dit kon nie met die suurdeeg van onsedelikheid in hulle midde gevier word nie. Bekering daarvan was noodsaaklik om *"met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid"* (5:8) fees te vier.

Jesus Christus breek die ongesuurde brood

Met Paasfees onthou elke Christen die instelling van die heilige nagmaal. Toe is die suurdeeg verwyder en ongesuurde brood vir Jesus se paasmaaltyd met sy dissipels gereed gekry (Luk. 22:8). Wanneer Hy die brood bedien, hoor hulle: *"Dit is my liggaam; dit is vir júlle"* (1 Kor. 11:24). Aan die kruis sou die brood van die lewe as ongesuurde brood verbreek word. En tog sou Hy as sondelose soos 'n sondaar gestraf word. Hy wat geen suurdeeg van sonde of onsedelikheid gehad het nie, word soos onrein suurdeeg uit die gemeenskap verwyder. Hy word sonde vir ons gemaak. *"Dit is vir júlle"*, het Hy gesê. Ter wille van ons dra die ongesuurde brood, Jesus, die straf van God.

Nagmaal is teken en seël van verlossing van ons sondes. Die Korintiërs kon feesvier saam met Christus, omdat Hy die suurdeeg van hulle sonde in sy kruisdood gedra het. My en jou hartseer oor ons sondenood word omskep in die ware Christusfees met Paasfees en elke Nagmaal.

Soos die gemeente van Korinte is ons egter steeds blootgestel aan die suurdeeg van die wêreld wat in ons lewens en gemeentes "ingeknie" word. Ons struikel nog daagliks oor die swakhede van die sondige natuur wat in ons oorgebly het. Niemand kan as volmaakte suurdeeglose deel hê aan die tafel van die Here nie. Selfondersoek maak ons nog meer bewus dat ons geloof nie volmaak is nie, dat ons liefde gebrekkig is, dat ons so maklik besmet word met die suurdeeg van die wêreldse onsedelikheid, korruptheid, ongehoorsaamheid en selfsug.

Tog kan ons feesvier! Die fees van die ongesuurde brood, Jesus Christus. Deur sy volmaakte suurdeeglose offer aan die kruis is betaal vir elke deeltjie suurdeeg in ons lewens. Soos die gemeente in Korinte die suurdeeg van onsedelikheid moes erken en uit hulle midde moes verwyder, so ook ons. Niemand wat hardkoppig volhard met sonde waarvan hulle bewus is, sal deel hê aan die fees van die ongesuurde Brood van die lewe nie. Maar vir elkeen wat sy/haar suurdeeg raaksien, daaroor berou het en daarvan ontslae wil raak, word die feestafel gedek.

Onthou Jesus se woorde: *Die ongesuurde brood is my liggaam. Dit is vir julle!* DK

Paasfees in 'n genotsugtige wêreld

In die vroegste jare van die kerk se bestaan het Christene mekaar graag op straat gegroet met die woorde: “Christus het waarlik opgestaan.” Ons kan gerus weer hierdie gebruik terugbring. Maar dan moet dit nie net woorde wees nie. Dan moet dit ook uit ons lewe blyk dat die Opstanding van Christus, die Paasevangelie, die groot waarheid is wat ons lewe beheers.

Met die waarheid van die Opstanding staan of val alles, in die wêreld, in die kerk, in elke mens se persoonlike lewe. Hier gaan die paaie tussen geloof en ongeloof onherroeplik uitmekaar.

Die Opstanding verdraai of verwerp

Dit is juis hierdie groot waarheid wat vandag meer as ooit bevraagteken, verwerp of verdraai word. Daar is steeds meer teoloë en geleerdes wat sê dood is dood. Ons gaan dood soos ‘n buffel of ‘n kat en dan is alles verby. Anderkant die dood is daar niks.

As hulle nog wel van ‘n opstanding praat, sê hulle Christus het slegs in die harte en gedagtes van sy dissipels opgestaan. Hy is dus niks meer as die ander godsdienstige “leiers”, Allah of Mohammed of Boeddha nie.

Die Opstanding geïgnoreer

Daar is egter selfs ‘n groter gevaar, eintlik ‘n werklikheid wat bestaan, naamlik dat die Opstanding gewoon geïgnoreer word. Soos in die tyd van Paulus (vgl. 1 Kor. 15:32) is daar vandag miljoene mense wie se lewensmotto is: “Laat ons eet en drink, want môre sterf ons.”

So was dit ook weer met die pas-afgelope Paasfees. In die noordelike halfrond val Paasfees aan die begin van die lente. Vir ons in Suid-Afrika val dit in herfs. Maar dit is steeds ‘n heerlike tyd van die jaar wanneer soveel mense na vakansie-oorde stroom of tuis luilekker die laaste warm dae geniet en omkuier voordat die winter toeslaan.

Die eintlike punt is dat ons in ‘n toenemend hedonistiese wêreld leef. Hedonisme is die lewenshouding waar genot nagejaag en verabsoluteer word. Bandelose lewensgenieting is al wat tel. Alles draai om die tydelike en die stoflike.

Sien ons dit nie al hoe meer in ons tyd nie? Ten spyte van moeilike ekonomiese omstandighede floreer die restaurante. Sport en ontspanning is bo-aan die lys van prioriteite. En so kan ons voortgaan.

Die Paasevangelie in 'n hedonistiese wêreld
Dit is een van die grootste uitdagings van ons tyd, om nie ook besmet en meegesleur te word deur die gees van hedonisme nie. Daar is net een onfeilbare en gewaarborgde teenmiddel – die evangelie van die Opstanding.

In 1 Korintiërs 15, die baie bekende hoofstuk oor die opstanding (lees gerus weer die hele hoofstuk) lees ons in vers 20: "Maar nou, Christus ís opgewek uit die dood – die eersteling van die ontslapenes." MAAR NOU. Net hierdie twee woorde. Hier verander alles. Dit is die skarnier waarop die hele geskiedenis draai. Die woordjie "maar" dui die teëstelling aan, die keerpunt. En die woordjie "nou" beteken letterlik: nou, op hierdie oomblik. In die Griekse taal word die intensiewe vorm gebruik, met besondere klem. En dan het die woord ook 'n meer figuurlike betekenis. Ons kan dit vertaal met "soos sake nou staan"; "wat die feitelike situasie betref".

Paulus wil sê: Wat is die feite, nou, hier? Wat is die werklikheid, die groot, allesbeheersende waarheid: Christus is opgewek uit die dood. Die dood is nie die einde nie. Die lewe is nie net sinvol as jy soveel genot as moontlik daaruit kan suig nie. Nee, die ewige lewe wat nou, hier begin vir elkeen wat waarlik in Christus glo, gaan by die dood voort in "volkome saligheid" (HK v/a 58) en oneindige heerlikheid, "om God daarin ewig te prys".

Dit is die waarheid wat ons hele lewe verander het, want Christus is nooit sonder hulle wat aan Hom behoort, sy volk, nie. Hy is die eersteling van die ontslapenes. Net soos by die oes die eersteling die voorloper is van die volle oes, so is die opstanding van Christus die waarborg van die opstanding van die ontslapenes.

Dit is die waarheid wat die voortbestaan van die kerk in hierdie wêreld waarborg. Christus is immers die ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie (NGB Art. 27).

Dit is die waarheid wat verseker dat die prediking nie tevergeefs, leeg, sonder inhoud is nie (1 Kor. 15:14), maar vol troos en krag, die verkondiging van die lewende Christus, die Oorwinnaar oor sonde, dood en graf.

Hulle wat glo in die opgestane Christus, behoort aan Hom met liggaam en siel, in lewe en in sterwe. Hy leef en ons sal lewe, nou en tot in ewigheid. Dit is die Paasevangelie, die enigste evangelie waaraan die genotsugtige wêreld van 2018 soveel behoefte het: "Christus het waarlik opgestaan." CFCC

Prof. Tjaart van der Walt (In: *Die Messias het gekom!*)

Die laaste week in Jerusalem ...

voorspel en oorsig

Hierop stuur die Evangelies doelgerig af. Dit is die hart van die Bybel. Dit is ook die beslissende keerpunt in die kosmiese oorlog om die Koninkryk, oor wie koning van die heelal is: die Kruis en Opstanding van ons Here Jesus Christus.

Daar is 'n opvallende toename in die intensiteit van wat die Evangelies berig. In sy jeug is daar jare waar ons niks oor Jesus weet nie: ons weet van Hom met sy geboorte, dan weer as Seun van 12 jaar (Luk. 2:42), en as Hy jare later weer op die toneel van die Bybel verskyn, is Hy ongeveer 30 jaar oud (Luk. 3:23). In die begin van sy openbare dienswerk is daar maande waarvan ons niks weet nie. Maar net voor en tydens die laaste week in Jerusalem kan ons sy spore van dag tot dag volg, en as die klimaks nader, selfs van uur tot uur.

'n Tweede kenmerk van wat die Evangelies oor hierdie laaste dae berig, is die feit dat Jesus deurgaans opvallend aktief is. Telkens neem Hy die inisiatief. Dit gaan oor sy lyde, maar Hy ondergaan dit alles behalwe lydelik, passief, teen wil en dank. Hy sterf nie bloot nie; Hy gee Homself aan die dood oor. Hy is nie net die offerande nie, maar ook die offeraar wat vrywillig die offer bring: die Hoëpriester wat eenmaal en eens en vir altyd Homself as unieke offer gegee het (Heb. 9:25 ev; 10:11-14).

Ons word gebore om te lewe. Hy is gebore om te sterwe. Keer op keer het Hy dit aangekondig, dwars teen sy dissipels in. Nou gaan Hy dit ook daadwerklik doen.

Die voorspel

Dit begin reeds as Hy, soos Lukas in 9:51 skryf, "vasbeslote die reis na Jerusalem begin". En al is dit moeilik – indien nie onmoontlik nie – om altyd presies sy voetspore te volg, die laaste 11 dae voor die kruis is dit onmiskenbaar.

Die *Donderdag*, agt dae voor die kruis, is Jesus vlakby Jerigo, vergesel deur 'n groot skare Galileërs wat self op pad is om die Paasfees in Jerusalem te vier. Die spanning laai op: iets gaan gebeur, maar wat?

In die buitewyke van Jerigo wys Hy opnuut hoe min Hy aan Homself dink, en hoe sy hart na ander uitgaan. Die skare probeer die noodroep van die blinde bedelaar, Bartimeus, stilkry – Jesus is immers na belangriker dinge oppad! – maar Jesus hoor (Mark. 10:46-52), en wys so opnuut hoe waar sy woorde is wat Markus direk voor hierdie gebeure berig: "Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien" (10:45a) – al lê die eintlike nog voor die deur: "en sy lewe te gee as losprys vir baie mense" (10:45b).

Die tollenaar Saggeus wou graag vir Jesus sien, en daarom het hy in 'n wildevyeboom geklim. Die onverwagse gebeur: dis nie net dat hy Jesus te sien kry nie, Jesus sien hom, veel dieper as net sy buitekant, roep hom

Hierop stuur die Evangelies doelgerig af. Dit is die hart van die Bybel. Dit is ook die beslissende keerpunt in die kosmiese oorlog om die Koninkryk, oor wie koning van die heelal is: die Kruis en Opstanding van ons Here Jesus Christus.

af, eet en oornag by hom. Saggeus word 'n ander mens, en opnuut word Jesus se woorde bewaarheid: "Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is" (Luk. 19:10) – al is Hy self welbewus op pad na sy afgryslike dood.

Die volgende dag, *Vrydag*, reis Jesus en sy geselskap verder. Net Hy het geweet dat Hy 'n week later dood sou wees. Jerusalem is nie ver van Jerigo af nie: minder as 30 kilometer, maar die opdraande pad is steil – meer as 1000 meter om van die subtropiese Jerigo tot by Jerusalem met sy koel aandluggie te klim, en dit alles te voet.

Intussen versprei die nuus: Die man van Nasaret is aan die kom! Iets gaan gebeur, maar wat?

As Hy Betanië bereik, bly Hy en sy dissipels agter, maar die skare stuur Hy verder, Jerusalem toe. En ook daar laai die spanning op met die instroom van die feesgangers van Galilea en alles wat hulle, soos mense maar is, met kleur en geur vertel.

Betanië is 'n klein dorpie, minder as drie kilometer van Jerusalem af. Met Paastyd is Jerusalem tot oorlopens toe vol: tot drie, vier keer sy gewone inwonertal. Dit is dus veel rustiger vir Jesus om in hierdie krisisweek by Lasarus (wat Jesus uit die dood opgewek het, Joh. 11) en sy twee susters, Marta en Maria, oor te bly en elke oggend die paar minute Jerusalem toe te stap, en teen die aand weer terug te keer.

Saterdag bly Jesus in Betanië oor. Dit is Sabbat – en ook sy laaste werklike rusdag voordat die moeilikste deel van sy taak, sy lydensweek en uiteindelik sy kruisdood, begin.

Oorsig

Wat nou volg, is volkome uniek en verreweg die belangrikste week in die hele wêreldgeskiedenis.

Dit is opvallend hoe die een dag se gebeure by die vorige aansluit. Dit maak dit des te minder aanvaarbaar – om nie te sê onmoontlik nie – om selfs op wetenskaplike gronde hierdie gelaaide dae bloot as toesmeer-produk van die eerste Christene af te skryf. (Anders moes dit 'n ongelooflike sameswering van rolspelers uit 'n groot verskeidenheid streke gewees het!)

Vir 'n geheeloorsig is dit die moeite werd om elk van hierdie dae kortliks te tipeer:

- *Sondag* is die dag van die triomfantlike intog in Jerusalem.
- *Maandag* is die dag van die tempelreiniging en die vervloeking van die vyeboom.
- *Dinsdag* is die dag van die stryd om die hart van Israel.
- *Woensdag* rus Jesus in Betanië. Hy word gesalf, maar ook verraai.
- *Donderdag* is die dag (of liewers die aand) van die Pasga en die Nagmaal, daarna die nag van Getsemane en sy inhegtenisneming.
- *Vrydag* is die dag van die verhore en die kruis.
- *Saterdag* rus die liggaam van Jesus in die graf; sy gees is by sy Vader.
- *Sondag* is die graf leeg: Hy het opgestaan!

Elke dag het dus sy eie karakter, 'n eie plek in die geheelpatroon.

Kom ons kyk met kinderlike ootmoed na wat ons Verlosser in sy laaste week as Mens onder die mense gedoen – en verduur – het.

En laat ons elke keer beskeieskaam sê: "Dankie, Here, dit was ook vir my." DK